Downloaded from www.mycourses.co.za

higher education
& training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SERTIFIKAAT

# MUNISIPALE ADMINISTRASIE N5

(21010055)

**21 November 2019 (X-Vraestel)**
**09:00–12:00**

**Hierdie vraestel bestaan uit 6 bladsye.**

Downloaded from www.mycourses.co.za

Downloaded from www.mycourses.co.za

**DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING**
**REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA**
NASIONALE SERTIFIKAAT
MUNISIPALE ADMINISTRASIE N5
TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

---

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Beantwoord AL die vrae.

2. Lees AL die vrae aandagtig deur.

3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

4. Skryf netjies en leesbaar.

---

Downloaded from www.mycourses.co.za
Kopiereg voorbehou

 Downloaded from www.mycourses.co.za 

## AFDELING A

## VRAAG 1

1.1 Voltooi die volgende sinne deur die ontbrekende woord(e) in te vul. Skryf slegs die woord(e) langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1.1 Die Kaap van Goeie Hoop was die eerste plaaslike owerheid wat ontstaan het sedert ... in ... voet aan wal in die Kaap gesit het.

1.1.2 In ... dien die vryburgers wat naby Kaapstad bly, ’n petisie, wat deur 500 vryburgers onderteken is, by die Raad van Sewentien in Nederland in.

1.1.3 Die goewerneur stel in 1682 vier van die vryburgers as ... aan.

1.1.4 Die fisiese omgewing waarin ’n munisipaliteit in ’n gebied gevestig word, word ... genoem.

1.1.5 In Hoofstuk 7 van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996, word munisipaliteite se magte beskryf en word ... en ... gesag aan die plaaslike owerheid verleen om die dienste waarna in Bylae 4 en 5 verwys word, te lewer.

(5 × 2) (10)

1.2 Kies 'n item uit KOLOM B wat by 'n beskrywing in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–K) langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 1.2.1 | Die stelsel waarin die munisipale raad die enigste instansie met uitvoerende gesag is | A | uitvoerendeburgemeester-stelsel |
| | | B | voltallige ('plenary') stelsel |
| 1.2.2 | Bestuur die raads- en komiteevergaderings. | C | kabinet |
| | | D | sweep |
| 1.2.3 | Verseker dat die raad minstens elke kwartaal byeenkom | E | speaker |
| | | F | bestaansrede vir ’n plaaslike owerheid |
| 1.2.4 | Die amptenaar wat die stemproses by die stemstasie bestuur, koördineer en daaroor toesig hou | G | geregtelike omgewing |
| | | H | premier |
| 1.2.5 | Hul hooffunksie is om te verseker dat die parlements-beleide uitgevoer word | I | enkelkomitee |
| | | J | ad hoc-komitee |
| | | K | voorsittende beampte |

(5 × 2) (10)

Downloaded from www.mycourses.co.za

 Downloaded from www.mycourses.co.za 

1.3 Kies die korrekte woord of woorde uit die woorde tussen hakies. Skryf slegs die woord of woorde langs die vraagnommer (1.3.1–1.3.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.3.1 Die afgebakende gebied waarin stemgeregtigdes hul stemme kan uitbring, staan as die (kieserslys/kieswyk) bekend.

1.3.2 Dit is (beveiligingsdienste/openbare werke) se verantwoordelikheid om skoon, lopende water en effektiewe stormdreine en riole te voorsien asook openbare geboue en infrastruktuur in stand te hou.

1.3.3 In (1685/1682) word die eerste landdros in Stellenbosch aangestel.

1.3.4 Die (vryburgers/landdros) was die magistraat vir die Stellenboschgebied en die heemraad moes geregtigheid en vrede verseker.

1.3.5 (Woordelikse/Narratiewe) notules is verslae oor die besprekings en besluite wat woord vir woord tydens vergaderings neergeskryf is.

(5 × 2) (10)

1.4 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.4.1–1.4.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.4.1 Die funksie van munisipaliteite is om te verseker dat VYF basiese beginsels van openbare administrasie suksesvol geïmplementeer word.

1.4.2 ’n Distriksmunisipaliteit word as ’n kategorie C-munisipaliteit beskou.

1.4.3 Die uitvoerende funksie van ’n munisipaliteit is om te verseker dat verordeninge in oorleg met die burgers uitgevaardig word.

1.4.4 ’n Raadslid wat meer as DRIE opeenvolgende raadsvergadering met vooraftoestemming misgeloop het, is nie geskik om as raadslid aan te bly nie.

1.4.5 ’n Raadslid kan stem oor of deelneem aan besprekings oor notules of vergaderings wat hulle nie bygewoon het nie.

(5 × 2) (10)

**[40]**

**TOTAAL AFDELING A: 40**

Downloaded from www.mycourses.co.za

Kopiereg voorbehou 

 Downloaded from www.mycourses.co.za 

## AFDELING B

### VRAAG 2

2.1 Verduidelik kortliks die ontwikkeling van Suid-Afrika van 1800 tot 1900 deur die belangrike hoogtepunte aan te dui. (5 × 2) (10)

2.2 Alle regeringsvlakke lewer dienste aan die gemeenskap.

Gee TIEN redes dat die plaaslike owerheid dienste aan die gemeenskap lewer. (10)

2.3 Verskeie faktore beïnvloed die funksionering van munisipaliteite, en fisiese faktore is een daarvan.

Beskryf die invloed van geografiese faktore op die funksionering van munisipaliteite. (5 × 2) (10)

2.4 Verduidelik VYF rolle wat die premier in die daaglikse bedryf van munisipaliteite vertolk (5 × 2) (10)

**[40]**

### VRAAG 3

3.1 Daar is 'n verdeling van magte tussen *distriksmunisipaliteite* en *plaaslike munisipaliteite*.

Dui slegs die magte van distriksmunisipaliteite aan. (10)

3.2 Identifiseer die kenmerke van munisipale dienste soos dit ingevolge die Grondwet en die Wet op Munisipale Stelsels voorgeskryf word. (10)

3.3 Jy word, as student in Munisipale Administrasie, deur ’n woedende inwoner genader omdat sy nie toegelaat is om tydens die munisipale tussenverkiesing in jul area te stem nie.

Gee VYF redes aan haar waarom sy gediskwalifiseer is. (5)

3.4 Jy word aangestel om in die Afbakeningsraad van jou munisipaliteit te dien. ’n Lid vra tydens 'n vergadering ’n vraag oor die kriteria wat gebruik word om oor die aantal wyke te besluit.

Staan die raad by om hierdie vraag te kan beantwoord. (5 × 2) (10)

3.5 Die ordonnansies van provinsies verbied raadslede om ’n ooreenkoms (kontrak) met hul raad aan te gaan.

Dui VYF gevalle aan waarin hulle van hierdie reël vrygestel kan word. (5)

**[40]**

Downloaded from www.mycourses.co.za

 Downloaded from www.mycourses.co.za 

## VRAAG 4

4.1 Daar bestaan 'n verskil tussen 'n *uitvoerende* en 'n *nie-uitvoerende* burgemeester.

Beskryf die magte van 'n uitvoerende burgemeester soos dit in artikel 56(2) van die Plaaslike Owerheid: Wet op Munisipale Strukture 117 van 1998 uiteengesit word. (5 × 2) (10)

4.2 Die uitvoerende komitee is die hoofkomitee van die raad.

Dui die VYF oogmerke van die uitvoerende komitee aan. (5 × 2) (10)

4.3 Mev Galeboe word versoek om die notule tydens raadsvergaderings te neem en dit dan te tik en te boekstaaf. Sy sien nie die belangrikheid of die rede in dat 'n notule geneem moet word nie.

Adviseer haar deur VYF redes vir die belangrikheid van notules aan haar te verskaf. (5 × 2) (10)

4.4 Raadslede word nie in vergaderingsverrigting opgelei nie. Raadsvergaderings ontaard gevolglik dikwels in 'n rampspoedige gebeurtenis.

Stel TIEN prosedures op wat gevolg moet word wanneer 'n mosie tydens 'n vergadering bekendgestel word. (10)
**[40]**

## VRAAG 5

5.1 Die Afbakeningsraad is verantwoordelik vir die afbakening van wyke waarin raadslede verkies kan word.

Adviseer die raad oor die wykafbakeningsproses. (5 × 2) (10)

5.2 Verduidelik die lisensiëringsfunksie van munisipaliteite deur na motorvoertuiglisensiëring en sakelisensiëring te verwys. (10)

5.3 Verduidelik die kwalifisering om ingevolge die Grondwet, 1996, in munisipale verkiesings te stem, aan die verkiesingspersoneel. (5 × 2) (10)

5.4 Gee VYF redes dat 'n persoon gediskwalifiseer kan word om 'n raadslid te word. (5 × 2) (10)
**[40]**

**TOTAAL AFDELING B: 160**
**GROOTTOTAAL: 200**

Downloaded from www.mycourses.co.za

Kopiereg voorbehou